21 Junie 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

Matteus 10: 24-39

ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Wat is die twee grootste vrese waarmee jy leef?

word stil

Lees Psalm 86: 1-10 as 'n gebed.

Dink na oor die gedagte dat die Here jou regtig hoor.

GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
Matteus 10: 24-39

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Gesels oor die vrese van hedendaagse mense. Hoe het die Covid 19 virus vrese aangewakker? Hoe help die teks?
- Vers 29 lees dat niks gebeur "sonder die wil van julle Vader nie". In die oorspronklike manuskrip kom "die wil van" egter nie voor nie. Wat is die verskil? Hoe beïnvloed dit die betekenis?
- Vers 29-31 verseker ons dat God ons nooit in die steek sal laat nie. As jy dit regtig ernstig neem, wat sal jy anders doen?
- Die woorde in verse 34-39 klink hard. Dit laat ons ongemaklik voel. Wat is die punt daarvan? Hoe daag dit jou uit?

  Dietrich Bonhoeffer het geskryf oor die "koste van dissipelskap" teenoor "goedkoop genade." Gesels oor hierdie terme. Veral in die lig van die teks.
- Gesels oor die paradoks en die betekenis daarvan in vers 39.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Verlede week het julle gepraat oor ons taak as gestuurdes van God. Hoe help hierdie week se teks jou met hierdie taak?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.